Die Boemfonteinse Kinderkoor, onder leiding van me. Huibrie Verster, is na 'n uitsonderlike koorgeleenthied in Wakayama in Japan in Augustus 2008 genooi. Hulle is een van vier internasionale kore wat die Song Bridge-gebeurtenis daar gaan bywoon.

Song Bridge is een van die opwindendste konsepte in die internasionale wêreld van koormusiek. Dit het in 2000 as deel van Unesco se Music and Peace-program beslag gekry. Dit verenig vooraanstaande jeugkore en koorkomponiste van oor die wêreld heen met die oog daarop om wêreldvrede en verhoudinge te bevorder.

Die Song Bridge-kore word deur 'n internasionale jurie gekies en kom vir 4-5 dae bymekaar op 'n wêreld-koorsimposium. Hier kry die jong koorlede van oor die wêreld heen die geleenthied om in 'n gemeenskap saam te werk, te speel en te leef. Hulle leer van mekaar se kulture en musiek, bou vriendskappe en wedersydse respek en nà 'n paar dae se intensiewe oefening, stel hulle hul eie kultuur se musiek en komposisies ten toon.

Om dié wonderlike geleentheid egter moontlik te maak, benodig die koor altesaam R400 000 vir die 45 mense wat genooi is.

Uittreksel uit Volksblad Vrydag 22 Februarie 2008